Ek het U lief

# Wat kies jy?

## Bybelteks

*Ná verloop van tyd het Kain ...'n offer vir die HERE gebring. En Abel, ook hy het 'n offer gebring ... Die HERE het Abel en sy offer met guns beskou. Maar Kain en sy offer het Hy nie met guns beskou nie. Dit het Kain baie kwaad gemaak en hy was terneergedruk. Die HERE vra toe vir Kain: "Waarom is jy kwaad, en waarom is jy terneergedruk? Is dit nie so dat, as jy goed doen, jy jou kop kan optel nie? As jy egter nie goed doen nie, lê die sonde op die loer voor die deur. Na jou is sy begeerte, maar jy moet oor hom heers." Kain sê toe vir Abel, sy broer: "Kom ons gaan veld toe." Toe hulle in die veld was, het Kain teen Abel, sy broer, opgestaan en hom doodgemaak.*

**– Genesis 4:3-8**

## Kernwaarheid

**God bly genadig ten spyte van ons foute, maar Hy verwag van ons om nie aan ongeduld, jaloesie en haat toe te gee nie.**

### WELKOM

Dink aan die speletjie wat julle gespeel het.

- Hoeveel lekkers het jy gekry?
- Hoe het dit gevoel om meer of minder lekkers as jou vriende te kry?

### WONDER

- Watter emosies dink jy het Kain ervaar?

- Hoe sou jy opgetree het as jy in Kain se skoene was?

- Dink jy omdat God nie Kain se offer aanvaar het nie, Hy ook nie meer vir Kain aanvaar het nie? Hoekom sê jy so?

- Kain sê dat hy nou vir God moet wegkruip, maar God beskerm vir Kain, al het hy 'n groot fout gemaak. Wat sê dit vir ons van hoe God teenoor ons optree wanneer ons foute maak?

## WEES

Hoe voel dit om te weet dat God nie net straf nie, maar jou ook beskerm en selfs 'n tweede kans gee?

## WEGSTUUR

Hou hierdie week 'n emosie-joernaal. Jy kan saans neerskryf hoe jy deur die dag gevoel het, en jouself 'n punt uit tien gee vir hoe jy jou emosies beheer het. Eindig elke dag se inskrywing deur drie dinge neer te skryf waarvoor jy daardie dag dankbaar is.